

31 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:1-14

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:12

Een offer een maal vir altyd

Niemand van ons kom nog met 'n bok by die priester en vra 'n offer vir ons sonde nie. Vir die ou verbondsvolk was offerandes egter deel van hulle daaglikse godsdienstige lewe. God het daardeur die wegneem van sondeskuld vir sy volk geleer.

Die offers op die groot versoendag laat ons meer van Jesus se eenmalige offer verstaan. Net op dié spesiale dag kon die hoëpriester in die Allerheiligste ingaan om te offer. Maar eers moes die heiligdom gereinig word van die volk se sonde en daar moes vir die priester se eie sonde geoffer word. 'n Bul was as offer hiervoor voorgeskryf. Daarna vind daar 'n handeling vir die volk se sonde plaas. Twee bokke is gebruik. Die een is geoffer en op die ander – die sondebok – is die sondes van die volk simbolies geplaas en dit is die woestyn ingejaag. Jaar vir jaar is dit herhaal, maar dit kon nie die gewete van die sondaars reinig nie. Daarvoor was die offer van die nuwe verbond nodig.

Jesus Christus het dié een offer een maal en vir altyd gebring. Daar is nie bokke en kalwers geoffer nie, maar Hy het Homself geoffer – hier op aarde, maar met betekenis tot in die hemelse heiligdom van God. Dit was 'n aanneemlike offer vir God, omdat Jesus sondeloos en volmaak gehoorsaam was. Hy was en is immers Seun van God. Daarom kon Hy 'n offer bring wat ewige verlossing gee. Vestig jou oë op die hemelse offer. Dit reinig jou gewete van alle sondeskuld, nou en vir altyd!

Sing: Psalm 130:2

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)